

Sondag 7 April

| | |
|---|---|
| Skrifgedeelte: Rut 4:11-22; Matteus 27:45-47 (1983- vertaling) | Fokusgedeelte: Rut 4:17; Matteus 27:46 |
|---|---|

Wanneer “lieflikheid” na jou lewe terugkeer ...

Met die geboorte van elke kind kom daar weer ’n stuk nuwe hoop in ons ou, hoop-lose wêreld in! Soos iemand gesê het: “Daar’s ’n wonder in elke begin.”

Vir iemand soos die ou Naomi, aan die einde van die boek Rut, is hierdie *wonderlike* van ’n nuwe begin – in die kleinkind op haar skoot – oorweldigend. Hoe was dit moontlik, hoor jy haar en haar buurvroue – geboë oor klein Obed – mymer: dat “Naomi” (Lieflikheid) uit haar “Mara” (Bitterheid) teruggekeer het ...?

Wel, kan jy nie dalk iets soortgelyk ook oor jou en my lewe in 2019 vra nie? Jy het dalk nie hierdie uiterste bitterheid van háár lewe gemaak nie. Tog: Wie het nog nooit iets gevoel van daardie “beswyk dan ooit in bittersmart / of bange nood my vlees en hart” nie (Ps. 73:11)? Naomi se leed was byna bomenslik. Dit laat mens dink aan Job. Sy kla: “*My lewe was vol toe ek hier weg is, maar die Here het my leeg laat terugkom ... die Here het ... teen my gedraai*” (1:21).

Is dit moontlik dat dieselfde Here – langs sy onnaspeurlike weë (Rom. 11:33) – kon bewerk dat *dié verruklike uitroep* nou oor hierdie leeggemaakte lewe weerklink: “*’n Seun is vir Naomi gebore!*” Met Obed is waarlik *nuwe* hoop vir haar gebore. Uit hom is koning Dawid mos gebore ... én die Groot Seun van Dawid: *’n Kind is vir ons gebore* (Jes. 8:5)!

Jou “Mara” en myne is verander in lieflikheid – vir ewig! Dit was nie ons hemelse Vader wat téén Naomi gedraai het nie. Inteendeel! God wou juis deur alles heen sy vriendelike aangesig oor haar laat skyn – *uit die verte* deur ’n Man aan ’n kruis op Kopbeenplek. *Alle Godverlatenheid* het Hy vir óns gedra – dwarsdeur ’n Mara van hellesmart heen: *Eli, Eli, lama sabagtani*. Inderdaad: die *heerlike* gebeurtenis van sy *bittere* dood ...!

Sing: Psalm 73-1:11

Dr. PP Kruger (Paul) (Emeritus)